St. Vitus, St. Modestus & St. Crescentia

15 Junie

(sterf 303)

Vitus was die seun van ‘n Romeinse edelman en senator in Sicilië. Sy ouers was heidene maar hy is deur sy kinderoppasser, Crescentia, en sy leermeester, Modestus, albei Christene, in die geheim as Christen groot gemaak. Hulle het hom selfs laat doop. Toe keiser Diokletianus ‘n dekreet uitvaardig wat die Christelike geloof ten strengste verbied, het een van Vitus se vriende hom by sy ouers gaan verkla. Hulle was so geskok dat hul seun met die verfoeide Christelike godsdiens besmet was dat hulle dit onder die goewerneur se aandag gebring het. Crescentia en Modestus is in die tronk gegooi en verskriklik gemartel terwyl daar geweldige druk op die 12-jarige Vitus uitgeoefen is om sy geloof af te sweer. Nie een van die drie het egter hul Heiland verloën nie en so het hulle hul lewens vir hul geloof opgeoffer. St. Vitus was ‘n baie gewilde heilige in die Middeleeue en tradisioneel is sy voorspraak ingeroep vir mense wat aan epilepsie ly.

© Die Oratorium Uitgewery